

DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen

Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Bep. posbus 692, Kaapstad

DEEL XXIV, No. 938

15 MAART 1940

AAN DIE HOOFKANTOOR
GEREGISTREER AS 'N NUUSBLAD

PRYS 4d.

OPERAS VIR DIE JONGSPAN

IN die verlede het ons al 'n paar maal die geleentheid gehad om te wys op moontlike verbeterings wat aangebring kan word in die musiekwaardering en -onderrig op skool. Ons het onder meer 'n paar artikels gepubliseer waarin wenke gegee is hoe om gesamentlike sang op skool meer gewild te maak en die sangonderrig doeltreffender. Wat musiekwaardering betref, is die plan aan die hand gedoen om aan elke hoërskool 'n plaatbibliotheek te stig en gereeld plaatkonsertere te hou vir kinders, ouers en ander belangstellendes. Verder is daarop gewys, o.a. ook in artikels oor die plattelandse biblioteekdiens, dat die hoërskool in Suid-Afrika eers dan sy ideale rol sal vervul as dit die kulturele sentrum word van sy distrik.

Intussen word daar probeer om deur middel van skoolradiolesse en musiekpraatjies in die Jongspan-program van die Radiokorporasie die kinders te leer om musiek te waardeer. Hoeveel sukses hierdie pogings het, is moeilik om vas te stel. Die mate van onverskilligheid en gelate berusting waarmee die radiomusieklesse aan baie skole ontvang word, laat egter nie veel twyfel bestaan omtrent die doeltreffendheid daarvan nie. Die hoofsaak hiervoor moet gesoek word in die omstandigheid dat hierdie waarderingslesse op erg onopvoedkundige wyse as 'n dosis geestesverheffing aan die kind aangebied word. Geen wonder dus dat die meeste van hulle net so afkerig daarteenoor staan as teenoor sederepreke of die toediening van onsmaklike medisyne nie. Met hierdie kritiek wil ons nie onregverdig wees teenoor die onderwysdepartement nie, wat seker groot moeite doen om hierdie lesse so aantreklik en doeltreffend as moontlik te maak. Uit die aard van die saak bly hierdie lesse egter meestal sonder aanknopingspunt in die belangstelling van die kind; sy aandeel daaraan is by gelukkige uitsondering dié van passiewe luisteraar, en gewoonlik dié van 'n siel onder behandeling. Sodra daar verandering kan kom in hierdie verhoudings, die kind self die aktiewe rol speel en die lesse vasgeknoop word aan bepaalde gebeurtenisse waarin die kinders lewendig belangstel, sal dieselfde lesse van vroeër ook baie meer doeltreffend word.

Verlede week het ons melding gemaak van 'n opvoering, onder beskerming van die Kaapstadse Jongspan-radio, van Mascagni se *Cavalleria Rusticana*. Die reëlings hiervoor is getref deur mnr. E. Schutte, die organiseerder van die Kaapstadse Jongspan-radio. Hy het die geesdriftigste ondersteuning geniet van al sy jong luisteraars en die hartlike samewerking van Alessandro Rota en Rosita Silvestri, wat vir die eintlike opvoering verantwoordelik was. Op die oomblik het mnr. Schutte, Rota en mev. Silvestri reeds vyftig seuns en dogters deur middel van sangtoetse uit 'n groot aantal kinders gekies, en hulle is besig om die operas *Lodeletta* (Mascagni) en *Il Trovatore* (Verdi) en verskeie ander

fragmente soos „Casta Diva” (uit *Norma*) die „Neurie-koor” (uit *Madame Butterfly*) en die „Sigarette-meisies-koor” (uit *Carmen*) te oefen. Spesiale partiture wat aangepas is aan kinderstemme is uit Italië bestel, en die plan bestaan om van hierdie werke in Afrikaans te sing. Nie alleen die Kaapstadse kinders nie, maar ook dié van die omliggende dorpe is vol geesdrif en vuur vir hierdie werk. Die enigste stremming was tot dusver die geldelike risiko wat aan so 'n opvoering verbonde is.

Daarom wil ons weer soos verlede week aanbeveel dat die onderwysdepartement gebruik maak van hierdie geleentheid om sy eie radiomusieklesse

1940 sal lede, soos reeds bekend is, die tweede deel van die dagverhaal van dr. Andrew Smith ontvang. Dit sal die kaart bevat wat nie in die eerste deel opgeneem kon word nie. Vir 1941 kom „The Diary of Private „Buck” Adams, 7th Dragoon Guards, 1843—48” aan die beurt. Hierdie dagboek word beskryf as 'n dokument wat nuwe en interessante lig werp op die Sewende Kafferoorlog, 1846—47, en op die lewe van 'n soldaat in die binnelande van die Kaapkolonie in daardie tyd. Van Ryneveld se „Aanmerkinge over de Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop”, die eerste boek van betekenis wat aan die Kaap gedruk is en 'n buitengewoon seldsame werk, kom daarna aan die orde.

Vir toekomstige publikasie oorweeg die Raad die volgende: „The Journal of J. S. Dobie, 1862-66”, en „De Vruchten

Ter Gedagtenis aan Elizabeth Conradie

DIÉ Afrikaanse komitee tot hulding van die nagedagtenis van dr. Elizabeth Conradie het onlangs 'n oproep in die pers geplaas om bydraes tot die fonds wat in Suid-Afrika sowel as in Nederland gestig word. Soos ons reeds tevore vermeld het, is die doel om 'n gedenkteken op die graf van dr. Conradie te plaas en om, indien daar genoeg geld byeengebring word, die balans te gebruik vir die Afrikaanse Instituut aan die Universiteit van Amsterdam en as grondslag vir 'n blywende akademiese leerstoel in die Afrikaanse taal- en letterkunde aan hierdie inrigting. Bydraes kan aan een van die volgende persone gestuur word: dr. F. C. L. Bosman, Grottoeweg, Rondebosch, Kaapstad; prof. D. F. Malherbe, pk. De Bloem, dist. Bloemfontein; of aan prof. G. Cronjé, Die Universiteit, Pretoria.

Afrikaanse Braille

ONS het so pas 'n eksemplaar ontvang van 'n unieke publikasie. Dit is nl. die eerste Afrikaanse handboek in Braille-skrif. Die opsteller is mnr. V. H. Vaughan, vice-prinsipaal van die Skool vir Blindes op Worcester, en die werk is die resultaat van jarelange voor-arbeid om 'n gestandaardiseerde Afrikaanse Braille-skrif te verkry. Volgens die voorwoord, wat opgestel is deur die hoof van die inrigting, is die eerste Afrikaanse Braille-verkortingsstelsel in 1923 aan die Skool vir Blindes op Worcester ontwerp en in gebruik geneem. In 1932 is daar geringe wysigings aangebring om dit in ooreenstemming te bring met veranderinge wat in Engelse Braille gemaak is. Dit het egter duidelik geword dat daar baie leemtes in die Afrikaanse stelsel was, en ten einde te verhoed dat dié leemtes bestendig sou word, het mnr. Vaughan in dieselfde jaar met 'n noukeurige studie van Braille begin ten einde dit te standaardiseer. Nadat sy ontwerp-stelsel deur deskundiges oorweeg is — 'n mens kan begryp dat daar heelwat gekonfereer moes word — is daar in 1936 sover gevorder dat daar 'n begin gemaak kon word met die opstel van die handboek.

Vir die leek is dit onmoontlik om ook maar by benadering te begryp watter reusetaak mnr. Vaughan en sy helpers volbring het. Ons kan egter besef van watter onskatbare waarde dit vir die blindes uit Afrikaanse huise moet wees dat hulle nou 'n vaste stelsel het waaraan nie weer van tyd tot tyd veranderings aangebring sal word nie.

Die titel van die werk is *Afrikaanse Braille, Handleiding met Oefeninge*. Dit is in Engeland gedruk en uitgegee deur die Skool vir Blindes op Worcester.

VERBONDENHEID

*Aandson oor die oue, gryse bome,
en deur die eerste skemering die monde
van die wind wat sing — Hoe is my drome
nie onherroepelik met al dié dinge verbonde.*

*Hier in die kleine laan is alles grys
van ademloos-oue en tere herinnering —
Hoe sag verloeie vanaand my bitterheid
tot koeie rus hier in die skemering . . .*

W. E. G. Louw

te verwend en van meer aktuele belang te maak. Dit sal maklik wees om uitsendings te reël van sulke opvoerings en om die inhoud van die radiomusieklesse te koördineer met die opvoerings van die Jongspan-program. Die hele idee kan ook toegepas word op die behandeling van instrumentale musiek en die waardering daarvan. Deur hierdie Jongspan-opvoerings departementsweë geldelik te steun, word die organiseerders daarvan in staat gestel om veel meer uit te rig as wat hulle tans so beswaarlik en tog met soveel sukses regkry. Ons is oortuig daarvan dat die uitwerking van so 'n reëling en van sulke opvoerings deur die land besonder sterk en beoedigend sal wees.

Die Van Riebeeck-Vereniging

TE oordeel na die jaarverslag van die Van Riebeeck-vereniging, wat pas aan lede van die vereniging uitgereik is, skyn dit nie asof daar 'n skaarste is aan belangrike onuitgegewe historiese manuskripte of werke wat vir herdruk geskik is nie, want behalwe die werk wat vanjaar aan die beurt kom, is daar twee manuskripte vir volgende jare beskikbaar, asook twee seldsame boeke wat op Suid-Afrikaanse aangeleenthede betrekking het. Vir

Mijner Werkzaamheden” van Teenstra. Laasgenoemde is 'n buitengewoon seldsame boek waarin hoogs belangrike inligting aangaande maatskaplike, ekonomiese en kulturele toestande aan die Kaap omstreeks 1815 verstrekkend word, terwyl ons daarin ook die resultate vind van die eerste doelbewuste studie van Afrikaans. Dobie was 'n Australiese skaapboer wat hom in Natal gevestig het, en die dagverhaal staan in verband met verskillende reise wat hy deur die natuurelgebiede na die Oostelike Provinsie onderneem het.

Daar is gedurende die jaar buitengewone pogings aangewend om die lidmaatskap van die vereniging te vergroot. Dit is blykbaar met heelwat sukses bekroon, want die ledetal staan nou op 630, wat 'n vermeerdering van sowat veertig is in vergelyking met die vorige jaar. Die vraag na die uitgawes van die vereniging neem steeds toe, en dele 1, 2, 3 en 7 is tans uitverkoop, terwyl die voorraad van ander uitgawes gestadig verminder. Daar bestaan natuurlik nie die minste moontlikheid dat werke wat uitverkoop is later herdruk sal word nie. Daarom is dit so belangrik dat lede moet sorg dat hul intekengeld gereeld betaal word, want as hulle een uitgawe mis, kan dit allig onmoontlik wees om dit later aan te vul.